AM0066/96

EUGENE ALEXANDER DE KOCK

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

AANSOEK OM AMNESTIE

VOLUME 1

**Solomon Nicolson Rein & Verster**

Attorneys Notaries and Conveyancers
Prokureurs Notarisse & Aktebesorgers

7th Floor NBS Building
259 Pretorius Street Pretoria 0002
P O Box 161 or 645 or 1563 Pretoria 0001
Telephone (012) 325 2461
Fax (012) 328 3137 or (012) 21 7940
or (012) 323 6492 *Conveyancing*
Docex 11 Pretoria

7de Vloer NBS Gebou
Pretoriusstraat 259 Pretoria 0002
Posbus 161 of 645 of 1563 Pretoria 0001
Telefoon (012) 325 2461
Faks (012) 328 3137 of (012) 21 7940
of (012) 323 6492 *Aktebesorging*
Docex 11 Pretoria

0066/96

Solomon Nicolson Rein & Verster

Attorneys Notaries and Conveyancers
Prokureurs Notarisse & Aktebesorgers

7th Floor NBS Building
259 Pretorius Street Pretoria 0002
P O Box 161 or 645 or 1563 Pretoria 0001
Telephone (012) 325 2461
Fax (012) 328 3137 or (012) 321 7940
or (012) 323 6492 *Conveyancing*
Docex 11 Pretoria

7de Vloer NBS Gebou
Pretoriusstraat 259 Pretoria 0002
Posbus 161 of 645 of 1563 Pretoria 0001
Telefoon (012) 325 2461
Faks (012) 328 3137 of (012) 321 7940
of (012) 323 6492 *Aktebesorging*
Docex 11 Pretoria

AM0066/96

**AANDAG: ADV. A STEENKAMP**

AMNESTIE KOMMITTEE

**PER HAND**

*Your Ref/U Verw*

*Our Ref/Ons Verw* Mnr Hugo/H7010/jr

Date/Datum 10 Mei 1997

Menere,

**E A DE KOCK : AANSOEK OM AMNESTIE**

1. Aangeheg hierby vind u die Aansoek om Amnestie van ons kliënt, Eugene Alexander De Kock.

2. Geliewe ontvangs te erken van ons kliënt se Aansoek om Amnestie wat vervat is in die meegaande **6 (SES)** bundels.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Die uwe
**SOLOMON NICOLSON REIN & VERSTER**

per:

*Established/Gestig 1898* *Incorporated/Ingelyf Reg No/Nr 91/06267/21*

**Directors/Direkteure** *Peter Michael Good BA (Natal) LLB (Pta), Rudolf Theodor Mark Rein BA (Rhodes) LLB (Pta), David Otto Nielen Beyers BA (UCT) LLB (OFS), Peter Loeser Muller, Cornelius Gerhardus Stolp BComm LLB LLM (Pta), Schalk Willem Hugo BLC (Pta) LLB (Stell) LLM (RAU), Alan Brandon Foot BLC LLB (Pta) Wilma Jacoba van Niekerk BLC LLB LLM (Pta)* **Office Manager/Kantoor Bestuurder** *Hazel Mill*
**Professional Assistant/Professionele Assistent** *Durell Elizabeth de Jong B Proc (Pta), Johannes Benjamin Labuschagne BIURIS LLB (Pta)*

Also at/Ook te ICL Building/Gebou, Menlyn Square, Aramist Ave/Laan Newlands, Pretoria

199

## AANHANGSEL

VORM 1

**AANSOEK OM AMNESTIE INGEVOLGE ARTIKEL 18 VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID EN VERSOENING, 1995 (WET NO 34 VAN 1995)**

*Hierdie vorm is ook in die ander amptelike tale by ondergemelde adres van die Kommittee oor Amnestie verkrygbaar.*

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

*Vul in blokletters in, beëdig/bevestig voor 'n Kommissaris van Ede en stuur terug aan die Komitee oor Amnestie, Posbus 3162, Kaapstad, 8000.*

*(Gebruik asseblief 'n afsonderlike bladsy indien meer ruimte nodig is)*

---

1. Van : **DE KOCK**

2. Volle voorname : **EUGENE ALEXANDER**

3. Adres : **PRETORIA SENTRALE GEVANGENIS,**

**PRIVAATSAK X45,**

**SENTRAAL GEVANGENIS,**

**PRETORIA**

0001

4. Identiteitsnommer/Paspoortnommer :

5. Geboortedatum : **29 JANUARIE 1949**

6. Geboorteplek : **GEORGE - KAAP PROVINSIE**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

7. (a) Indien u 'n beampte/ampsdraer/lid/ondersteuner is/was van enige politieke organisasie/instelling/liggaam of bevrydingsbeweging, meld naam daarvan :

**SUID AFRIKAANSE POLISIE DIENS**

(b) Meld hoedanigheid waarin u in die betrokke

organisasie/instelling/liggaam of bevrydingsbeweging gedien het, indien van toepassing en lidmaatskapnommer, indien enige :

**MAGSNOMMER : BO52050W**

**BEVELVOERDER VAN EENHEID C1 (VOORHEEN GESTASIONEER TE VLAKPLAAS MET TEN DOEL DIE BEVEGTING VAN TERRORISME MET SPESIALE TAAK AS BEVELVOERDER VAN EENHEID C1.**

8. (a) Indien u 'n beampte/ampsdraer/werknemer is/was in diens van die Staat of enige voormalige Staat of indien u 'n lid is/was van die veiligheidsmagte van die Staat of enige voormalige Staat, meld die departement/afdeling/divisie:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**DEPARTEMENT VAN WET EN ORDE (SUID AFRIKAANSE POLISIEDIENS - VEILIGHEIDSPOLISIE, HOOFKANTOOR, PRETORIA) (SEKSIE C1 - BEVEGTING VAN TERRORISME)**

(b) Meld hoedanigheid en tydperk waarin u in diens van die Staat of voormalige Staat was of in die veiligheidsmagte gedien het, indien van toepassing, en magnommer, indien enige :

VANAF 1968 - 1993 (3/1/68 - 31/3/93)

25 JAAR - MAGSNOMMER : V052050W

SIEN AANHANGSELS TEN OPSIGTE VAN PARAGRAWE 9, 10, 11,

12 & 13

MET SPESIFIEKE VERWYSING NA ELKE INDIVIDUELE DAAD/DADE,

MISDRYF/MISDRYWE, EN VERSUIM/E

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

## ALGEMENE AGTERGROND EN INLEIDING

Ek is tans 'n gevonnisde waar ek gevangenisstraf uitdien vir die onderstaande misdrywe waaraan ek skuldig bevind is en waarvoor ek die volgende gepaardgaande vonnisse opgelê is.

1. Moord (20 jaar gevangenisstraf)
2. Moord (20 jaar gevangenisstraf)
3. Moord (20 jaar gevangenisstraf)
4. Moord (20 jaar gevangenisstraf)
5. Moord (Lewenslange gevangenisstraf)
6. Oortreding van Artikel 32 (1)(a) en (e) gelees met Artikel 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969 (5 jaar gevangenisstraf)
7. Bedrog (2 jaar gevagenisstraf)
8. Bedrog (4 jaar gevangenisstraf)
9. Sameswering (20 jaar gevangenisstraf)
10. Verydeling van regspleging (6 jaar gevangenisstraf)
11. Moord (20 jaar gevangenisstraf)
12. Poging tot moord (5 jaar gevangenisstraf)
13. Strafbare manslag (10 jaar gevangenisstraf)
14. Bedrog (4 jaar gevangenisstraf)

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

204



15. Bedrog (6 jaar gevangenisstraf)

16. Bedrog (2 jaar gevangenisstraf)

17. Bedrog (2 jaar gevangenisstraf)

18. Bedrog (4 jaar gevangenisstraf)

19. Bedrog (3 jaar gevangenisstraf)

20. Bedrog (2 jaar gevangenisstraf)

21. Bedrog (2 jaar gevangenisstraf)

22. Bedrog (2 jaar gevangenisstraf)

23. Bedrog (3 jaar gevangenisstraf)

24. Oortreding van Artikel 32 (1)(b), 32 (1)(c), 32 (1)(e) gelees met Artikel 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969 (5 jaar gevangenisstraf)

25. Oortreding van Artikel 32 (1)(b), 32 (1)(c), 32 (1)(e) gelees met Artikel 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969 ( 5 jaar gevangenisstraf)

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

26. Bedrog (2 jaar gevangenisstraf)

27. Menseroof (2 jaar gevangenisstraf)

28. Aanranding met die opset om ernstig te beseer (4 jaar gevangenisstraf)

29. Sameswering (Lewenslange gevangenisstraf)

30. Begunstiging tot strafbare manslag (12 jaar gevangenisstraf)

205



Ek doen dan hierdie met respek aansoek om amnestie ten opsigte van :

'n Hele aantal van die misdrywe waaraan ek skuldig bevind is en doen dan ook terselfde aansoek vir amnestie ten opsigte van 'n verdere aantal misdrywe wat nie die onderwerp van my voornoemde strafverhoor gevorm het nie.

Ek doen bygevolg nie aansoek om amnestie vir al die misdrywe waaraan ek wel skuldig bevind is en waarvoor ek sekere vonnisse opgelê is nie aangesien ek besef en geadviseer is dat dit nie voldoen aan Wet Nr 34, van 1995 se vereistes nie en bygevolg nie vir amnestie vatbaar is nie.

Ek wil egter van meet af aan, aan die Agbare Komitee te kenne gee dat ek uit hoofde van die posisie wat ek aanvanklik in die eertydse Koevoet eenheid in die voormalige Suid-Wes Afrika en daarna aanvanklik as tweede in bevel en later as die Bevelvoerder van seksie C1 (gestasioneer te Vlakplaas) in 'n meenigtal insidente en operasies betrokke was.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Dit is feitlik onmoontlik om iedere en elke misdryf, operasie en insident waarby ek betrokke was in herinnering te roep ten spyte van die groot mate van sorg en omsigtigheid wat ek en my prokureur aan die dag probeer lê het tydens die opstel van hierdie aansoek. Ek het in hierdie aansoek met respek die grootste mate van openhartigheid en deersigtigheid aan die dag gelê en verklaar ek my insgelyks bereid om te antwoord en lig te werp op enige andere bewerings, inligting of

206



misdrywe waarby ek na bewering betrokke sou wees en welke insidente, vergrype ek per abuis versuim het om in hierdie aansoek te vermeld.

Ten einde die Agbare Komitee behulpsaam te wees met die bepaling van my motiewe en die vasstelling van die faktore wat my gemotiveer en aangedryf het om betrokke te raak by die pleging van die groot aantal vergrype en misdrywe het ons dit goed geag om die Agbare Komitee in te lig omtrent my geskiedenis en agtergrond veral as gevolg van die feit dat hierdie faktore en feite sonder enige twyfel my politieke idees, menings en hele bestaan gesluit en gesmee het en daartoe gely het dat ek my vandag in hierdie uiters netelige en benarde posisie bevind.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek word tans gesien en beskou as die persoon wat behulp van my manskappe ten minste 65 vyande van die Staat vermoor het waarvan sommige om uiters brutale wyse. Daar is gedurende my strafverhoor en die afhandeling daarvan 'n grootskaalse veldtog geloods om my sover moontlik te demoniseer en wil dit vir my voorkom asof daar 'n algemene beskouing bestaan dat ek 'n psigopatiese persoonlikheid het of ten minste psigopatiese neigings. Ek is egter met respek van mening dat ek my tans in hierdie onbenydenswaardige posisie bevind bloot omdat ek 'n lojale en getroue dienaar van die vorige Staatsbestel was wat opgeoffer is terwyl die werklike skuldige persone vry uitstap en wegloop van die vorige gruwelike verlede wat ons nou ingehaal het en waarvan my vorige Bevelvoerders, wat in groter besonderhede hieronder aangespreek sal word, deelgenote was.

Ek het inderdaad so diep betrokke geraak by die ongeruimdhede en gruweldade wat gepleeg is omdat ek onwrikbaar geglo het in die apartheidsdoktriene en is ek toevertrou met uiters sensitiewe inligting en opdragte uit hoofde van die feit dat ek met alle nederigheid in die algemene handel en wandel in veiligheidskringe beskou was as een van die mees doeltreffendste en effektiefste teeninsirgensie operateurs in die Suid-Afrikaanse Polisie.

Ek het geen twyfel dat my verskuiwing vanaf die toenmalige koevoet eenheid in die vorige Suid-Wes Afrika na Vlakplaas toe voortgespruit het uit die reputasie wat ek opgebou het as 'n doeltreffende operateur in die bevegting van sogenaamde terrorisme.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

My kinderjare en die daaropvolgende verloop van my lewe word vervat in die verslae van die volgende deskundiges :

1. Verslag van Professor A E van der Hoven - Aanhangsel 1
2. Dokter C S du Plessis - Aanhangsel 2
3. Dokter Dr A Novello - aanhangsel 3

Uit die bovermelde verslae blyk dit na my respekvolle submissie dat :

208



a) Ek nie 'n psigopaat is nie en slegs 'n produk is van 'n sekere opvoedingstyl, wat verder geplooi en beinvloed is deur die opleiding wat ek ondergaan het wat hoofsaaklik van 'n militêre aard was en wat gedy en ontwikkel het in die apartheidsmileu waarin ek my op daardie stadium bevind het;

b) Die valse, onewewigtige sosiale en politieke werêld waarin ek gebore is en later geopereer het (in hierdie verband verwys ek spesifiek na die veg van oorloë teen vryheidsbewegings soos Swapo, die ANC en die PAC, sowel as sogenaamde terroriste in die voormalige Rhodesië) het 'n baie groot invloed op my beskouings en optredes gehad.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

c) My polisie en weermag ondervindings en opleiding in die toenmalige Suid-Wes Afrika en Rhodesië het my gevoelens jeens sogenaamde Kommuniste en vryheidsvegters sodanig beinvloed dat ek grootskaalse afstomping van my emosies en sentimente ervaar het en het die afstomping van my gevoelens toenemend plaasgevind na mate ek feitlik op 'n daaglikse basis aan gruweldade blootgestel was.

d) Uit die verslag van die deskundiges soos voormeld blyk my absolute verbittering en veragting vir die vorige bestel en bewind van die Nasionale Party en Senior Offisiere wat my en die sogenaamde

voetsoldate in die steek gelaat het en opgeoffer het ter wille van persoonlike agendas en selfbehoud.

e) My gelydelike ontnugtering en bewuswording van die feit dat ons (die Suid-Afrikaanse publiek in die algemeen) deur die Nasionale Party politisie aan ons neuse rondgely is en dat dit waaraan ek aanvanklik geglo het dood eenvoudig net nie haalbaar was nie en dat die hele vorige bestel 'n grootskaalse bedrogspul was beide ten aansien van die politieke doktrine wat feitlik op 'n daaglikse basis by ons ingeprent is en die absolute futiele bevegting van vryheidsbewegings wat nou met die voordeel van retrospeksie legitieme eise en aandrange gehad het en wat natuurlik op geen wyse op die lang duur deur ons synde die sogenaamde voetsoldate onderdruk sou kon word nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

f) Feitlik nege en negentig persent van die insidente waarna ek in hierdie aansoek verwys spruit voort uit my verbintenis met die eenheid C1 wat, soos voormeld, hoofsaaklik op Vlakplaas buite Pretoria gestasioneer was. Vlakplaas was oënskynlik 'n opleidingssentrum en 'n herberg vir sogenaamde "mak gemaakte terroriste" en wat later in die handel en wandel bekend gestaan het as "askaris". Ek heg hierby aan 'n skriftelike memorandum opgestel deur die eertydse

Kommissaris van Polisie, Generaal Johan Coetzee, gemerk Aanhangsel 4. Op bladsy 12 van die memorandum opgestel deur Generaal Coetzee beweer hy ondermeer dat die SAP nooit gesugereer het dat daar onregmatige metodes gebruik moes word om die sogenaamde terroriste aanslag die hoof te bied nie. In wese was die bewerings en weergawe van Generaal Johan Coetzee in die aangehegte memorandum niks minder nie as net 'n halwe waarheid. Vlakplaas was duidelik en ondubbelsinnig ook die basis van seksie C1, die SAP se koverte teeninsirgensie eenheid. In hierdie verband wens ek daarop te wys dat koverte operasies per definisie onwettig is en dit is presies waarom hulle dan ook van 'n koverte aard is. Lank voordat ek op Vlakplaas aangekom het, het die vorige bestel hulle reeds verbind tot koverte optrede wat, soos ek reeds gesê het, by definisie onregmatig was. In hierdie verband kan ek maar net terloops verwys na Dirk Coetsee, wat ook 'n vorige Bevelvoerder van C1 was se bewering dat hy moorde gepleeg het sy hoedanigheid as die Bevelvoerder van Vlakplaas. Hierdie moorde van voormelde Coetsee het reeds plaasgevind lank voordat ek op Vlakplaas aangekom het. Uit 'n aantal van die insidente wat in hierdie aansoek aangespreek word blyk die onregmatige en onbehoorlike bevele aan C1 en die gevolglike uitvoering daarvan deur myself en my manskappe.

Ten opsigte van die inhoud van die memorandum van Generaal Coetsee wens ek daarop te wys dat Generaal Johan Coetsee

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

prominent figureer in 'n oorgrense operasie wat in Swaziland plaasgevind het en waarmee ek in groot besonderhede handel in hierdie aansoek.

Gedurende my verbintenis met seksie C1 is 'n menigtal mense deur lede van seksie C1 om die lewe gebring. Ek kan in hierdie verband waarskynlik ook hierby byvoeg die groot aantal mense wat om die lewe gebring is deur Inkatha (IVP) met wapens wat deur C1 aan Inkatha voorsien is. Hierdie dood en verwoesting wat gesaai is was niks anders as staats gesanksioneerde geweldpleging nie soos wat ek in groot besonderhede aanstip in my aansoek.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Daar was by my hoegenaamd geen twyfel gewees dat Vlakplaas 'n sogenaamde politiewe eenheid was nie in die opsig dat die eenheid se bestaansreg elke jaar deur die politiesie en hoër hirargie in die Suid-Afrikaanse Polisie ge-evalueer en geweeg is en is hierdie persepsie inderdaad bevestig toe daar druk op my en 'n verskeidenheid ander Vlakplaas lede toegepas was om te bedank. Ek is geen ander keuse gelaat nie as om te bedank en 'n pakket te neem toe die politieke klimaat verander het en die onderhandelingsproses met die ANC beweging momentum begin kry het. Ek heg hierby aan 'n afskrif van die sogenaamde skikkingsooreenkoms - aanhangsel 5 wat aangegaan is nadat ek gedwing is om uit die Suid-Afrikaanse Polisie te bedank (gemerk Aanhangsel ???????). Ek wens graag spesifiek te verwys na

paragrawe 6 en 7 van die sogenaamde skikkingsooreenkoms waar daar ondermeer in paragraaf 6 'n onderneming deur die Suid-Afrikaanse Polisie gegee is dat hulle my in enige geregtelike verrigtinge voortspruitend uit en in die loop van my diens en in die gevalle waar die Suid-Afrikaanse Polisie middelik aanspreeklik is vir optrede deur myself sal bystaan. Dit is my respekvolle submissie dat die Suid-Afrikaanse Polisie reeds op daardie stadium kennelik bewus was van die operasies waarin ek betrokke was en het ek daarop aangedring dat hierdie klousule deel moes vorm van my skeidingspakket.

Paragraaf 7 verwys ondermeer na die feit dat ek hoegenaamd nie enige aspek van die inhoud van die ooreenkoms of die aard of die omvang van my werksaamhede by die werkgewer aan enige derde party mag openbaar nie, tensy skriftelike magtiging vir sodanige openbaring deur die werkgewer (Suid-Afrikaanse Polisie) verleen is. Ek is dan ook op 'n subtiele wyse in hierdie kontrak gedreig om nie inligting bekend te maak nie en wel in die verdere paragraaf onder klousule 7 wat stipuleer dat ek bewus is dat die bekendmaking van inligting wat ek verkry het uit hoofde van my verbintenis met die Suid-Afrikaanse Polisie 'n oortreding van die bepalings van die Wet op die Beveiliging van Inligting, 1982 (Wet Nr 84 van 1982) daar sou stel.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

213



Ek wens ook hierdie geleentheid te baat te neem om verdere wanpersepsie rondom my persoon die nek in te slaan en wel die opvatting wat bestaan dat ek 'n aards rasis sou wees en dat al my optredes en geweldpleging net teen swart mense gemik was. Hierdie bewering is van alle waarheid ontdaan en kan ek bloot net ter opheldering daarop wys dat ek byvoorbeeld self instrumenteel was tot die afsending van 'n pakketbom na Dirk Coetsee, dat ek kennis gedra het en my goedkeuring verleen het aan optredes wat daarop gemik was om wyle Joe Slovo om die lewe te bring en dieselfde het gegeld ten opsigte van Marius Skoon en optredes gerig teen mnr Ronnie Kasrells (huidige Adjunk Minister van Verdediging). Ek het ook persoonlik sekere optredes beplan en uitgevoer teen professor Peter Vale. Ek het ook as deel van die sogenaamde Stratkom operasies van die Suid-Afrikaanse Polisie aanvalle op blanke huise in die Pretoria se ooslike voorstede uitgevoer, en welke insidente ek in groter detail hieronder aanspreek.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek haal ook graag aan uit 'n Artikel wat in Die Beeld, dagblad verskyn in hulle uitgawe van Saterdag die 15de Maart 1997 waarin daar 'n onderhoud gevoer is met een van die sogenaamde Askaris. Beeld haal dan die Askari aan waar hy sê :

(a) die taak van mense wat die Askari eenheid begin het was eintlik bo hulle vuurmaakplek. Hulle moes kaffer boeties wees. Baie van die

veiligheidspolisiemanne wat saam met hulle gewerk het was geweldig rasisties gewees.

Die laaste bevelvoerder E A de Kock het geen rassisme geduld nie. Onder sy bevel sedert laat 1985 het die Askaris en die ander Vlakplaas lede die eerste keer saam gewerk, ge-eet en in dieselfde hotelle gebly en sommige van dieselfde voordele gekry. Die swart mense wat saam met hom gewerk het, het respek gehad vir hom, en as hy byvoorbeeld vandag vrygelaat word en gevra word om 'n nuwe eenheid te begin sal al die askaris binne 'n week terug wees by hom.

My optrede as Bevelvoerder van Vlakplaas plaas my nie in numeriese terme hoegenaamd in die liga van die berugte Generaal Ohlendorf wie se manskappe ongeveer 90 000 mans en vrouens en kinders tussen Junie 1941 en Junie 1942 om die lewe gebring het nie, maar ek besef vandag dat Bernard Fixer korrek is wanneer hy sê : "God counts in astronomy but were men are concerned all I know is one plus one"

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek heg hierby aan aanhangsels 1 - 17 wat betrekking het op my loopbaan in die S A P , diens beëindiging by die S A P, meriete verslae, toenaderingskrywe van Mnr Jacques Pauw, meriete toekennings en sertifikate. Hierdie dokumentasie is relevant wat betref die inkonteks plasing van die misdrywe waarvoor ek aansoek om amnestie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

## 10 a POLITIEKE OOGMERK

1. Indoktrinasie, beïnvloeding, opleiding en subjektiewe geestesingesteldheid

Ek wil in hierdie verband weer verwys na die Deskundigeverslae van die drie Deskundiges wat ek by hierdie Aansoek aangeheg het onder die Algemene Inleidende gedeelte van hierdie Aansoek en waar dit duidelik blyk in welke mate ek beïnvloed is om die vyande van die Staat te beskou as synde SWAPO, die ANC, PAC en ander vryheidsbewegings in die Buurstate. Die gedetailleerde verbintenis tussen die sogenaamde "Death Squads" en die Apartheidsstaat is na my mening nog nie ten volle nagevors nie. Die ooglopende versuim en versaking van die Suid-Afrikaanse Polisie om die moordenaars wat onder die dekmantel van sogenaamde "Death Squads" geopereer het onwillekeurig by my die gedagte laat ontstaan dat sluipmoorde en moorde Staats gesanksioneer was in die opsig dat dit in sommige gevalle met uitdruklike toestemming gedoen is of andersyds met die Staat se medewerking.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

2. Dit het vir my duidelik geword dat eenhede soos Vlakplaas nie die anomaliese produk was van die Apartheidstaat in sy terminale stadium nie, maar dat die sogenaamde "Death Squads" soos C1 wat onder meer op Vlakplaas gestasioneer was, bloot 'n natuurlike en onvermydelike gevolg was van die apartheidssisteem.

3. Die oorsprong van sogenaamde "Death Squads" gaan waarskynlik reeds sover terug as 1910 toe die Unie van Suid-Afrika formeel tot stand gekom het. Die nuwe Staat was gebou oor totale rasseverdeeltheid tussen wit en swart. Die geskiedenis het nou bewys dat bevoorregte blankes, nadat hulle die laaste opstand deur swart Stamhoofde in 1906, vir hulself eers 'n sogenaamde eerste klas burgerskap toegeëien het en dat die verslaande swartes, nadat hulle opeenvolgende sogenaamde frontoorloë verloor het asook die meeste van hulle grond is hulle gerelegeer tot die status van slawerny in hulle eie land. Ten einde hierdie baasskap oor swartes te behou, moes die blankes en was hulle ook bereid om geweld en intimidasie sowel as misleidings metodes aan te wend. Oor die daaropvolgende vyftig jaar is die *status quo* toenemend uitgedaag deur die swart bevolking. Die blanke bevolking was genoodsaak gewees om hulle self te verweer teen hierdie sogenaamde toenemende verset pogings en het hulle dit onder

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

meer gedoen deur 'n hele versameling wette en regulasies ontwerp om die swartes in toom te hou en is dit verder bewerkstellig deur die sporadiese uitoefening van direkte geweld en vreesaanjaging.

4. Die verdediging van 'n politieke stelsel. Dit het in my gemoed geen twyfel gelaat nie dat die optrede van die Polisie geregverdig was en dan ook goedgekeur was deur die regering van die dag ten einde te verhoed dat die regering deur sogenaamde Vryheidsvegters en terroriste ontsetel word.

5. Die Sharpville-voorval van Maart 1960 waartydens daar ongeveer sestig swart burgers om die lewe gebring is terwyl hulle deelgeneem het aan 'n oënskynlik vreedsame betoging. Hierdie persone is gedood deur polisie geweervuur en was dit werklik een van die voorvalle wat in my geheue ingeprent was in die opsig dat die Staatsmasjienerie aangewend was ter verdediging van 'n politieke stelsel.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

6. Die Sharpville-voorval het volgens die verwikkeling van gebeure gelei tot die verbanning van die ANC en die PAC en het noodwendig verwys daartoe gelei dat ondergrondse weerstandsbewings op die been gebring is wat dan eventueel weer daartoe gelei het dat apartheids "Death Squads" in die

lewe geroep is.

7. 'n Verdere stap in die ontwikkeling van die apartheids "Death Squads" het waarskynlik reeds plaasgevind in 1963 toe die voormalige Minister van Polisie, Mnr B J Vorster, wetgewing op die wetboek laat plaas het wat voorsiening gemaak het vir aanhouding sonder 'n verhoor. Hierdie wetgewing het ongetwyfeld 'n subkultuur in die Veiligheidspolisie laat ontstaan in terme waarvan die Veiligheidspolisie bloot geglo het dat hulle sogenaamde "Supermen" was en wat toegelaat was om meedoënloos wreed en genadeloos op te tree in die naam van patriotisme en staatsveiligheid. Dit het duidelik geblyk dat die staat by monde van die Minister van Justisie, John Vorster, met die veiligheidswetgewing wat hy tot stand laat kom het doelgerigte en legitieme marteling in gedagte gehad het. Mnr Vorster het hom op daardie stadium soos volg uitgelaat oor die wetgewing: "It is not a very nice thing to see a human being being broken, he said. I have seen it .... The man taking these powers must take the responsibility for them."

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

8. Die wetgewing wat voorsiening gemaak het vir onbepaalde aanhouding, die wet op terrorisme en die wet op binnelandse veiligheid was van so 'n drakoniese aard dat dit noodwendig gelei het tot die verskynsel van "Dood in Aanhouding" hierdie

verskynsel het aanvanklik hom selde voorgedoen, maar dit het geleidelike gegroei tot 'n feitlik alledaagse verskynsel.

9. In veiligheidskringe het ons wel deeglik kennis geneem van die volgende:

(a) dat daar vanuit die sogenaamde linkse politieke kringe na hierdie verskyning verwys is as "Induced Suicide"

(b) dat aangehoudendes wat nie selfmoord gepleeg het nie maar dood aangetref was met veelvuldige beserings van hulle liggame deur Landrosste was uitsprake gelewer het in geregtelike nadoodse ondersoeke feitlik sonder uitsondering die polisie van alle blaam onthef het. In hierdie verband het ek wel deeglik kennis geneem van die geregtelike nadoodsondersoek wat gehou is na die dood van die swart bewussynsleier, Steve Biko.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) Die vervolging van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie vir die dood van aangehoudenes was die uitsondering en beslis nie 'n alledaagse verskynsel nie. Ek was ook inderdaad reeds op daardie vroeë stadium bewus daarvan dat persone wat na bewering betrokke was by van hierdie voorvalle, ten spyte van hulle beweerde

betrokkenheid, steeds in hulle Bevelvoerder se goeie boekies was. Ek het byvoorbeeld kennis geneem van die feit dat Kol. Pieter Goosen wat in bevel was van die Biko-ondervraging kort daarna bevorder was. Die beleid en algemene houding onder die Veiligheidsmagte ten opsigte van aangehoudenes wat in aanhouding gesterf het is verder gevorm deur die toenmalige Minister van Justisie, Mnr J T Kruger, se uitlating dat die dood van Steve Biko "laat my koud".

10. Die Suid-Afrikaanse Polisie en meer spesifiek die Veiligheidspolisie het die doodgaan van persone in aanhouding sonder dat daar sigbare maatreëls getref is teen die persone wat verantwoordelik was vir die beveiliging en veiligheid van die aangehoudendes 'n klimaat geskep vir die ontwikkeling en uitbreiding van "Death Squads". Dit het ongetwyfeld daartoe bygedra dat daar onder Polisiegeledere 'n persepsie posgevat het dat hulle verhef is bo die reg wanneer hulle persone hanteer het wat vermoedelik misdrywe wat teen die Staat gerig was, gepleeg het. Vanuit hierdie geestesingesteldheid was die volgende automatiese stap om te neem die stigting van sogenaamde "Death Squads" en anti-Apartheid aktiviste te begin jag.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

222



11. Wat die geregshowe betref het Polisiemanne dit ervaar dat die Howe male sonder tal versuim het om marteling deur dienaars van die Staat af te keur. Daar het klaarblyklik 'n progressiewe en reëlmatige proses ontwikkel in terme waarvan die beginsel van openlike rekenskap aan die publiek afgebreek is wat verder daartoe gelei het dat die "Death Squads" in grys waas gehul was. Gedurende die laat-sewentigerjare tot en met die laat-tagtigerjare het ons ook bewus geword van die Nasionale Veiligheidsraad wat deur President P W Botha in die lewe geroep is. Dit het vir ons en vir myself spesifiek duidelik geword dat Suid-Afrika in wese eintlik maar onder die bewind gestaan het van die offisiere in die Veiligheidsmagte en dat die Staatsveiligheidsraad die Kabinet tot 'n groot mate vervang het. Helen Suzman was heeltemal korrek toe sy hierdie tydperk beskryf het as: "sort of creeping coup de tat by consent in which accountable politicians have abrogated their power to non-accountable members of the Security Forces". Die generaals het, gedurende hierdie tydperk, ongelooflike sterk magsposisies beklee en is dit nog verder versterk deur die noodtoestand wat in 1985/1986 afgekondig is wat onder meer die Veiligheidsmagte beskerm het by wyse van 'n blanko vrywaring ten opsigte van optredes wat geloods was ingevolge die Noodtoestandwetgewing.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

223



12. Gedurende hierdie tydperk het ek ook begin betrokke raak by oorgrens operasies wat plaasgevind het in die buurstate.

13. Strategië in die Veiligheidsmagte en in Umkhonto We Sizwe (MK) was wel deeglik bewus van die noue korrelasie tussen die bevryding van Suid-Afrika en verwikkelinge in die aangrensende state. Rhodesia, Angola en Mosambiek het op daardie stadium as skanse gedien teen gewapende insypeling van die ANC/PAC aktiviste.

14. Ek self het vir 'n geruime tyd diens gedoen in Rhodesie en het ek juis daar gaan veg uit hoofde van my oortuiging dat ons ten alle koste moes verhoed dat die aangrensende buurstate in die hande van kommuniste val en wat dan noodwendig daartoe sou lei dat Suid-Afrika makliker deur kommuniste en ander swart politieke bewegings oorgeneem kon word. Die ondervinding wat ek opgedoen het in teeninsurgensie in Rhodesie het later handig te pas gekom toe die Para-militêre Eenheid, KOEVOET, op die been gebring is. KOEVOET het berugtheid verwerf vir brutale marteling en het ook vrees ingeboesem by die vyand (SWAPO) wat dan gedien het as 'n afskrikmiddel teen die voornemende "SWAPO terroriste". Ek het gedurende hierdie tydperk eerstehandse kennis opgedoen van die terrein en toestande in die aangrensende buurstate en

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

het ek soos ander senior offisiere verhoudinge opgebou in die buurstate wat later handig te pas gekom het in die destabilisering van Angola, Zimbabwe en Mosambiek. Suid-Afrika se militêre betrokkenheid in Namibie en Angola waarvan ek 'n deel was, het meegehelp dat die Veiligheidsmagte in die algemeen en ek meer spesifiek gebrutaliseer is en het dit by ons 'n sekere mate van onaanpasbaarheid laat ontstaan.

15. Dit het duidelik geword dat die apartheidsregering die pad van geweld gekies het in teenstelling daarvan om in debat te tree met die sogenaamde vyande. Die kies van geweld het net verdere weerstand te weeggebring en het dit vir ons as Veiligheidsmagte duidelik geword dat die onderdrukking van die weerstand teen die apartheidsregering nie moontlik was in terme van die bestaande wetgewing nie. Ons was genoodsaak om toenemend staat te maak op terreur-optrede, beide teen ons eie burgers, sowel as die buurstate. Dit het ook vir ons duidelik geword dat hier slegs mense wat so sterk gevoel het oor hulle ideale en regte slegs onderdruk kon word deur die voer van teenterreurveldtogte.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

16. Ek was wel deeglik bewus van die feit dat die voormalige President PW Botha sy presidensiele magte gebruik het om veral soldate te beskerm teen kriminele vervolging of siviele

aksies en het dit by ons maar net weereens die geloof versterk dat ons kon opereer verhewe bo die gereg en dat ons vyande van die staat kon "uitneem" en dat dit ongestraf gelaat is deur die staat. Ek self was bewus van 'n verhoor in ongeveer 1987 waar ses soldate aangekla was van die moord op 'n Namibiese burger, maar dat President Botha ingegryp het en dat die verhoor toe nooit voortgegaan het nie. Gedurende hierdie selfde tydperk het Botha egter geweier om genade te verleen aan ses swart burgerlikes, die sogenaamde "Sharpville Ses" wat aangekla was van moord op 'n swart Dorpsraadslid.

17. 'n Verdere faktor wat my polities gevorm het was die openbare taal wat deur persone in magsposisies gebruik is. Ek het, byvoorbeeld, kennis geneem van uitsprake van persone soos Hendrik van der Berg wat voorheen aan die hoof gestaan het van die Buro vir Staatsveiligheid toe hy gespog het dat hy mense het wat onder hom werk en wat sonder om te huiwer vir hom sal moor ongeag van wie die prooi is. Die algemene taal in polisie kringe was ook van so 'n aard dat feitlik almal neerhalend verwys het na swartmense. In hierdie verband het die Rooi Rus Swanepoel wat op daardie stadium 'n Brigadier was gereeld verwys na die "ANC en SWAPO Bastards" en het hy eweneens gespog dat hy die vermoë het om terroriste dood te maak sonder dat hy twee maal hoef te dink.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

18. Hierdie neiging wat aanvanklik net onder Veiligheidsmagte gedy het het ook nou kop uitgesteek in die taal van siviele ampsdraers wat eweneens hierdie moorddadig woordeskat aangeneem het. Die Minister van Wet en Order gedurende die laat tagtigerjare, Mnr Adriaan Vlok, het by geleenthede op Vlakplaas aangedoen waar hy ons toegespreek en het hy ook in die openbaar verwys na die eliminering en die uitvat van aktiviste en revolusionêre persone. Hierdie uitsprake van politici het verder by ons en meer spesifiek by myself die besef aangewakker dat ons die sogenaamde vyande van die staat kon uitwis sonder dat daar van staatsweë stappe teen ons geneem sou word.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

19. 'n Verdere voorbeeld van die opruiende taal wat in hierdie tydperk plaasgevind het was in 1988 toe die Minister van Verdediging, Magnus Malan, terwyl het 'n toneel van 'n landmynontploffing in die Noord Transvaal besoek het, gesê het: "Waar die ANC ook al is, sal ons voortgaan om hulle te elimineer." Hy het ook by 'n ander geleentheid te kenne gegee dat Suid-Afrika soos ander lande, onkonvensionele metodes gebruik om sy politieke doelwitte te bereik en het hy ook daarna verwys dat Suid-Afrika soos ander lande nie daaroor praat nie.

20. Generaal Magnus Malan het in 'n poging om die bestaan van die BSB te regverdig te kenne gegee dat Suid-Afrika hom bevind in 'n moeras van internasionale agente van beide die weste- en- kommunistiese geheimedienste. Hy het na ons wêreld verwys as "die grys wêreld waarvan Jan Publiek dikwels net van hoor". Hy het ook te kenne gegee dat hierdie 'n wêreld is met sy eie reëls en moraliteit en dat Suid-Afrika as gevolg van sy veiligheid- en- sekuriteitsbehoeftes noodwendig betrokke moes raak in hierdie grys aangeleenthede. Hy het weereens gesê dat ons nie oor hierdie goed in die openbaar kan praat nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

21. Die opruiende uitsprake van bovermelde persone asook andere moet gesien word teen die agtergrond van die totale aanslag doktrine. Daar is gedurende die Botha-era vir ons gesê dat hierdie sogenaamde totale aanslag doktrine daarop neergekom het dat die vyand orals was en dat die vyand nie net in die proses was om voort te berei vir oorlog op die slagvelde nie. Daar is by ons die gedagte ingeprent dat die Universiteite, Vakbondunies, Kulterele Vereengings, almal vyande van Staat geherberg het terwyl hierdie vyande psigologiese en ekonomiese oorlogvoering teen die Staat geloods het.

22. In die gedagtes van die lede van die Veiligheidsmagte wat

reeds deurdrenk was met die idee van hulle en ons eie immuniteit teen vervolging het die verwysing deur hoë offisiere en politici na die eliminering van mense gekoppel aan die doktrine van totale aanslag was daar geen twyfel by ons gelaat ten aansien wat van ons verwag is nie.

23. Die moord op anti-apartheid aktiviste het uit die aard van die saak nie in 'n vakuum plaasgevind nie en was dit deel van 'n breë teen-reaksie teen die groeiende weerstand teen apartheid. Dit het duidelik geword dat die een metode van beperking en intoomhouding van die massas net eenvoudig gelei het tot 'n verdere wyse van weerstand wat dan weer 'n verdere metode van inbedwanghouding geverg het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

24. Dit het duidelik geword het dat legitieme onderdrukking kennelik gefaal het in die stuiting van die groter wordende golf van weerstand teen die Apartheidsregering. Weereens was ons genoodsaak om van onregmatige onderdrukking gebruik te maak. Geheime agente is deur ons gebruik om aktiviste te intimideer, hulle eiendom te vernietig, bomme te stel en brandstigting te pleeg veral van die hoofkwatiere van opposisie organisasies en dan ook as 'n laaste uitweg om die opposisie om die lewe te bring. Gedurende die middel- na laat-tagtigerjare het daar 'n groter mate van samewerking

plaasgevind tussen die Suid-Afrikaanse Weermag en die Veiligheidspolisie. Daar is byvoorbeeld 'n skriftelike Samewerkingsooreenkoms onderteken tussen die ~~Burgerlike~~ Direktoraat ~~Samewerkings~~ Koverte Insameling ~~Buro~~ (BSB) wat 'n komponent was van die Suid-Afrikaanse Weermag en C1 wat weer 'n komponent was van die Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie. Die gesamentlike oogmerk van C1 en die ~~BSB~~ DKI was om maksimale ontwrigting by die vyande van die Staat te weeg te bring en was daar geen twyfel by ons gelaat nie dat maksimale ontwrigting enige iets kon beteken van die breek van 'n venster tot die doodmaak van 'n ANC lid of PAC lid.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

25. 'n Verdere politieke dogma wat by ons ingeprent was is die konsep van totale ontkenning in die opsig dat die Staat net eenvoudig nie gesien kon word as synde betrokke en verantwoordelik vir geweldadige onrus nie en welke onrus in die swart woonbuurtes deur die regering toegedig is aan radikale elemente in die swart woonbuurtes en nie staatsgeafilieerde regse ekstremiste. Gedurende die Harms Kommissie Ondersoek waar ek ook getuig het, het die Kommissie bevind dat dit die regeringsbeleid was dat apartheid se koverte magte so moes optree dat hulle operasies nie teruggespoor kon word na die Suid-Afrikaanse Weermag of die Staat toe nie. Daar is so sterk gevoel oor die

ontkenningsbeleid dat daar byvoorbeeld opdragte van hoër offisiere gekom het om van ons eie makkers om die lewe te bring wanneer hulle gedreig het om van die Veiligheidspolisie se wandade aan die kaak te stel. Hierdie moorde het dan 'n dubbele agenda gedien naamlik:

(a) propoganda waarde in die sin dat hierdie moorde gewoonlik toegeskryf is aan ANC / PAC aksies; en

(b) die uit die weg ruim van die apartheidsbewind se eie operateurs wat gedreig het om die wandade van die Veiligheidspolisie te openbaar. Daar is by ons die persepsie ingeprent dat ons in 'n staat van oorlog verkeer het wat ons laat glo het dat ons grootliks kon opereer buite die bereik van judisiële beperkings.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

26. Swart op Swart instigering en aanblaas op swart op swart geweld.

Op 'n makroskaal is iedologie van die inkorporeering van swart gemeenskappe by Tuislande ook gesien as 'n nuttige manier om onderlinge gevegte en twiste bewerkstellig veral omdat daar skaars hulpbronne tussen hierdie swart groepe was. Die onderlinge twiste en gevegte het dan die swart gemeenskappe

se tyd en energie in beslag geneem en dit hulle die kans ontneem hulle self te organiseer in kollektiewe weerstand teen apartheid.

27. Ek was reeds teen die middel-tagtigerjare bewus van die feit dat die regering die INKATHA leierskap baie goed gesind was maar dat daar sogenaamde "arms length" verhouding was in die opsig dat die apartheidsregering nie wou hê dat INKATHA met hulle geassosieer word nie. Dit was duidelik openlike ondersteuning van die INKATHA leierskap en hulle meelopers 'n negatiewe effek sou hê op hulle magsbasis en kon INKATHA dan gesien word as pionne van die Suid-Afrikaanse Regering. Dit het dan ook later geblyk dat beide Mnr F W de Klerk en Mnr Pik Botha teenwoordig was toe hierdie besluit geneem is om INKATHA van hulp te bedien.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

28. Die swart op swart geweld wat toe ontstaan het was 'n handige propoganda wapen in die sin dat daar met groot oortuiging aan die buitewêreld gesê kon word dat die barbaarse inboorlinge dadelik soos wat te wagte was mekaar uitmoor nadat hulle onthef is van die welwillende wit baasskap.

29. Die Veiligheidsmagte het oor 'n hele aantal jare bygedra tot die geweld deur die totstandbringing en bevondsing en

sogenaamde "Hit Squads" wat dan op hulle beurt die Apartheidsregering se opponente ge-intimideer en geteister het. Die Staat het deur middel van die Veiligheidsmagte geweld aangeblaas en laat ontstaan deur beide passief (deur versuim om stappe te neem) en ook aktief deur die borging, opleiding en beskerming van geweldadige stroopbendes.

30. Die doelstelling Vlakplaas was, ten spyte wat Generaal Johan Coetsee in sy Memorandum waarna daar reeds verwys is te kenne gegee het, onder meer die volgende:

(a) die intimidasie van aktiviste en terroriste en hulle ondersteuners om hulle te weerhou van terreuroptredes en om voorkommend op te tree teen potensiële aktiviste en eliminering van "terroriste"

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(b) Ondersteuners en simpatiseerders van die Vryheidsbeweging soos die ANC is ontmoedig om openlik hulle steun en momentum aan die vryheidsstryd te gee.

(c) deur middel van die sogenaamde Askaris en werwing van bronne het daar 'n totale gevoel van wantroue en suspisie tussen die MK-lede en hulle ondersteuners

posgevat oor wie om te vertrou en wie nie.

(d) die *modus operandi* was dieselfde as wat MOSSAD, CIA en British Secret Service gebruik het, naamlik om alle betrokkenes in die oorlog teen die apartheidsregering bewus te maak dat die Veiligheidspolisie onmiddellik sou terugslaan na optredes van aktiviste en hulle ondersteuners en dat die Veiligheidspolisie die wil en die vermoed gehad het om hierdie persone te elimineer.

(e) eliminasie het gewoonlik plaasgevind van 'n hoë profiel aktivis of 'n uiters doeltreffende aktivis wie se aanhouding in terme van die bestaande wetgewing momentum aan die vryheidsstryd sou gee.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(f) Die optredes soos voormeld was daarop gemik gewees om MK en ander militêre vleuels van die vryheidsvegters te demoraliseer wat dan daartoe sou gelei het dat hulle nie so doeltreffend moontlik kan optree in die stryd om hulle doelwitte te bereik nie.

31. Die apartheidsregering het, in terme van hulle totale aanslag dit op die Veiligheidsmagte se hart gedruk dat die uiteindelike doel

van die Sowiet-Unie was om die huidige regering omvertegooi en dit te vervang met 'n Marxisties ge-oriënteerde stelsel en dat die kommuniste als moontlik sou doen om hierdie doel te bereik. Daar is aan ons voorgehou dat die kommuniste verantwoordelik was vir die instigering van sosiale- en- arbeidsonrus, burgerlike verset, aanvalle deur terroriste op die totale infrastruktuur van die RSA en die intimidering van swart leiers en lede van die Veiligheidsmagte.

32. Die ideologie van totale aanslag het 'n geweldige impak gehad op wit Suid-Afrikaners. My geestesingesteldheid nadat ek gevoer is met die propoganda van die sogenaamde totale aanslag was een van 'n sin van 'n verpligting om my land teen die demonise magte te beskerm.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

33. Die regering van die dag waaronder ek my bevind het en ge-opereer het sowel as my Bevelvoerders het feitlik deurlopend van die sogenaamde "nudge and wink tactics of complicity" gebruik gemaak. Die Polisie het byvoorbeeld totaal en al daarin gefaal om die sogenaamde saboteurs van KHOTSO Huis, COSATO Huis en KHANYA Huis op te spoor. Minister Adriaan Vlok het trouens so ver gegaan dat hy vir ene Shirley Gunn beskuldig het as 'n moontlike verdagte terwyl Minister Vlok op Vlakplaas aangedoen het na die opblaas van hierdie geboue en

ons geluk gewens het met die optrede.

34. Uitspraak is ook gemaak deur Minister Pik Botha op die SATV dat hy by voorbaat geweet het van die Desember 1986 aanval in Swaziland en dat hy volle verantwoordelikheid neem vir die doodmaak van 'n tienerkind en dat hy hoegenaamd nie spyt is oor enige iets nie het maar net weereens die persepsie by ons versterk dat hierdie tipe optrede van ons verwag word en deur die regering gesanksioneer word.

35. **BE-INVLOEDING VAN BLANKE KIESERS**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(a) Ons het besef dat die blanke kiesers moes stem vir die regering van die dag en dat hulle vertroue moes gehad het in die Veiligheidsmagte wat na die land se veiligheid moes omsien en dat hulle die gevoel moes hê dat die Veiligheidsmagte nog in beheer van die land was.

(b) 'n Disinformasie-veldtog oor die effektiewiteit van die bevegting en bestryding van terrorisme en kommunisme het die indruk gewek dat die Veiligheidsmagte die oorlog maklik wen want aktiviste het sonder meer verdwyn of is onder geheimsinnige omstandighede om die lewe gebring sonder dat die skuldiges ooit opgespoor of aan

die man gebring is.

(c) Terroriste het hulle self opgeblaas omdat hulle oenskynlik nie behoorlik opgelei is nie en dit sou dan 'n sekere mate van kalmte by die algemene blanke publiek laat posvat en verhoed het dat totale paniek en wanorde ontstaan.

(d) Die publiek het vermoed dat die Veiligheidspolisie besig was om terroriste en aktiviste te elimineer en het dit 'n vals indruk van effektiewiteit by die publiek laat posvat ten aansien van die bestryding en die elimineering van terroriste en die bevegtigting van die sogenaamde totale aanslag wat soos voormeld sou beslag gekry het onder die bewind van die eertydse President P W Botha.

(e) Ons optrede teen die sogenaamde vryheidsvegters het die apartheidsregering daartoe in staat gestel om die blanke kiesers weer te ooreed om vir hulle te stem.

(f) Optrede teen aktiviste en terroriste het die indruk gewek dat Suid-Afrika in 'n lewe- en-doodstryd betrokke was. Ons optrede het verder gesorg dat die blanke kiesers vertoue gehad het en gehou het in die apartheidsregering en het die optrede daartoe gelei dat die kiesers weer vir

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

die regering van die dag gestem het.

## 36. INLIGTING BESKERMING EN VOORKOMING VAN TERREURDADE

(a) Dit was nodig om aktiviste om die lewe te bring en te elimineer omdat inligting wat tydens onsdervraaging verkry is, beskerm moes word.

(b) Die identiteit van die informate en bronne van die Veiligheidspolisie moes ook ten alle koste beskerm word.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) Indien aktiviste en terroriste na verskaffing van inligting gearresteer sou word, sou informasiekanale van die Vryheidsvegters en aktiviste kon verander sonder dat die Veiligheidspolisie die inligting kon gebruik het.

(d) Waar aktiviste opleiding wou ondergaan binnelands of buitelands, moes hulle noodwendigerwys ge-elimineer word om te voorkom dat hulle later die land insypel en die land dan destabiliseer deur terreurdade soos bomaanvalle op veral Veiligheidsmagte en ook sagte teikens. Sodra 'n aktiwis opleiding ontvang het was hy in 'n ander klas as 'n normale aktiwis en sy kennis en

vaardighede was gelyk aan die van die Veiligheidspolisie indien dit nie in sommige gevalle van 'n hoër standaard as die Veiligheidspolisie was nie en kon baie van hulle besonder effektief optree tydens militêre operasies.

37. **DIE TE WEEG BRING VAN ONTWRIGTING IN DIE GELEDERE VAN DIE ANC / PAC-ALLIANSIE EN SIMPATISEERDERS DEUR SKADE AAN HULLE EIENDOM AAN TE BRING WAT DIE STRYD TEEN DIE APARTHEIDSREGERING STOPGESIT HET OF ALTERNATIEWELIK 'N ERNSTIGE KNOU TOEGEDIEN HET.**

38. **MEELOPERS EN ONSKULDIGES WAT IN DIE KRUISVUUR GETREF WORD**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(a) Selfs 'n persoon wat nie 'n lid was van die ANC or enige ander erkende politieke organisasie nie, maar wat vermoedelik dislojaal was teenoor die Staat of die Polisie, is gesien in dieselfde lig as lede van die ANC en/of ander vryheidsvegters. Enige optrede teen sodanige persone was om die bevordering en die doelstellinge van die ANC te beveg en onder meer die intimidering en ontwrigting van die ANC-organisasie.

39. **VAKBONDE**

(a) Dit is, in die algemeen deur die Veiligheidsstrukture van die apartheidsregering aanvaar dat Vakbonde deel was van die breë demokratiese bestel en beweging en ten nouste verbind was met die ANC. Die noue verbintenis wat daar was tussen die Vakbonde en die ANC daartoe gelei dat die Vakbonde ge-identifiseer is as synde deel van die vyande van die Staat en is optrede ook teen hulle geloods en ook gesien in dieselfde lig as optrede en operasies teen die ANC.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

40. **INTIMIDASIE EN TEISTERING**

(a) In ooreenstemming met die benadering wat daar was in die Veiligheidspolisie kultuur teenoor Vakbonde is studente aktiviste en politieke aktiviste en ook persone wat beskou is as van liberale politieke oortuiging geag as vyande van die Staat en was dit by ons ingeprent dat die intimidasie en die teistering van hierdie persone die doelstellinge van die Staat sou bevorder in die opsig dat hierdie persone ge-intimideer sou voel en dan hulle veldtog teen die apartheidsregering sou staak.

41. **DIE UITVOER VAN OPDRAGTE**

(a) Ek was aanvanklik 'n junior polisie offisier te Vlakplaas en het ek uiteindelik op 'n deurlopende basis my bevele ontvang van my senior bevelvoerders. Ek het deeglik kennis gedra van die feit dat die ANC en ge-affilieerde politieke organisasies het die Veiligheidspolisie en die Staat ge-identifiseer en ge-oormerk was as die primêre vyande van die Staat. In hierdie opsig was ek altyd bereid om feitlik sonder teenspraak en/of bevraagtekening opdragte wat daarop gemik was om die ANC en ge-affilieerde groepe skade te berokken, met 'n groot mate van ywer en toewyding uit te voer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

42. **OPTREDES WAT DAAROP GEMIK WAS OM INLIGTING OOR DIE VRYHEIDSBEWEGINGS IN TE WIN**

(a) In hierdie optredes was daarop gemik gewees om behulpsaam te wees in die voer van die oorlog teen die ANC en ge-affilieerde magte deur onder meer die verkryging van inligting van 'n verskeidenheid persone en bronne te bekom ten aansien 'n verdagte ANC-lid of meeloper moes voortgegaan om die ondervraagde persoon te elimineer ten einde te verhoed dat hy die

identiteit van die lede van die Veiligheidsmagte en spesifiek die ligging van Vlakplaas ontbloot.

43. **GEMEENSKAPSLEIERS**

(a) Gemeenskapsleiers is dikwels gesien as in assosiasie met die breë demokratiese beweging en derhalwe noodwendigerwys deur die Veiligheidspolisie beskou as deel van die ANC en ander vyande van die apartheidsstaat.

44. **ONTVOERING EN AANRANDING**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(a) Die ontvoering en aanranding op verdagte lede van die ANC was 'n gereelde kenmerk en *modus operandi* van die Veiligheidspolisie se optrede en aktiwiteite.

45. **ELIMINERING VAN PERSONE WAT LID WAS VAN DIE VEILIGHEIDSPOLISIE STELSEL EN WIE SE LOJALITEIT TEENOOR DIE STELSEL BEVRAAGTEKEN IS**

(a) Die politieke oogmerk was, soos voormeld, om die vyande van die toe-malige Staatsbestel meer spesifiek

lede van die ANC en ge-affilieerde groepe te elimineer en het dit ook noodwendigerwys daartoe gelei dat persone wat vir die Veiligheidspolisie gewerk het en wie se lojaaliteit deur die Veiligheidspolise bevraagteken is, uit die weg geruim moes word.

(b) Enige persoon wat 'n bedreiging vir die Suid-Afrikaanse Polisie daar gestel het moes teen wil en dank om die lewe gebring word as gevolg van die geweldige risikos wat daar bestaan het indien sodanige persoon die operasies en optrede van die Veiligheidspolisie aan die kaak sou stel.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) Die optrede was deel van 'n algemene patroon van eliminering van die Staat se vyande en die intimidering van enige persoon wat bereid sou wees om hoegenaamd enige hulp in welke vorm ookal aan die ANC te verskaf.

12. **TOESMERING EN VERDOESELING VAN MISDADE VAN DIE VEILIGHEIDSMAGTE**

(a) Van die insidente het nie *per se* te make gehad met die politieke stryd nie maar van hierdie insidente moes ten alle koste toegesmeer word as gevolg van die ernstige

bedreiging wat die arrestasie van lede van die Veiligheidspolisie ingehou het vir die koverte operasies waarmee die Veiligheidspolisie en spesifiek C1 besig was.

(b) Dit het dikwels gebeur dat misdrywe toegesmeer is om die koverte operasies van die Veiligheidspolisie en ook ander afdelings van die Polisie te beskerm. Daar is inderdaad gevrees dat hierdie persone wat misdrywe gepleeg het met die hele mandjie patats vorendag sou kom indien hulle gearresteer en deur die howe gevonnis sou word. Van hierdie persone is ook uitgereik gewees met ongemagtigde en onwettige vuurwapens van Russiese en ander Oosblok oorsprong en dit op sigself het 'n ernstige gevaar ingehou vir die openbaarmaking van die metodes van die Veiligheidspolisie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) Dikwels is van hierdie insidente aan senior offisiere gerapporteer het hulle dan die goedkeuring verleen vir die verdoeseling van die vergrype en misdrywe.

47. **VALS EISE**

(a) Die Apartheidsregering het effektiewelik die totale

aanslagmanie goedgekeur en gesanksioneer deur feitlik blindweg enorme bedrae geld toe te staan aan geheime militêre begrotings deur die tagtigerjare. Daar is hoegenaamd geen beperkinge op die hoeveelhede fondse geplaas wat tot die beskikking van die Veiligheidsmagte gestel is nie.

(b) Die feit dat die Apartheidsregering voort gegaan het om die Suid-Afrikaanse staat te mobiliseer vir 'n teen revolusionêre aanslag en dat die Apartheidsregering gekies het om oorlog te voer by wyse van klandestine metodes het noodwendigerwys gelei tot korrupsie onder die geledere van die Veiligheidsmagte. Daar is byvoorbeeld wapens verskaf aan RENAMO wat op hulle beurt betalings gedoen het by wyse van die verskaffing van ivoor, diamante en het die Suid-Afrikaanse Parlement die publiek en kiesers in die donker gehou omtrent hierdie verwikkelinge en het hulle dit onder die mat van "in belang van staatsveiligheid" ingevee.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) Die Suid-Afrikaanse sogenaamde "Death Squad" operateurs en spesiale magte het dan mettertyd outonome bronne van fondse ontwikkel wat hierdie organisasies waarvan ek deel was, semi-onafhanklik

245



gemaak van die regering.

(d) Die geld wat op hierdie wyse gegenereer is het direk en ook indirek finansiële steun verleen vir operasies in die buiteland en ook 'n verskeidenheid ander koverte operasies van die Veiligheidspolisie.

48. **DIEFSTAL EN HUISINBRAAK**

(a) Die diefstal is gedoen om die vyande van die Staat te ontwrig en hulle optrede en beplanning te frustreer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(b) Die vyande van die Staat is weereens gesien as die ANC en ge-affilieerde organisasies en is selfs aan Ambassades in buurlande en ook nie-aanliggende lande nie, gesien as vyande van die apartheidsstaat. Die geld en die voertuie wat van hierdie persone gesteel is is dan weer deurgevoer na die Veiligheidspolisietakke en is hierdie voertuie en geld weer gebruik in koverte optredes.

(c) Die optrede was daarop gemik om die doelstelling van die oorlog teen die ANC en ander staatsvyande te bevorder.

49. **INSAMELING VAN INLIGTING**

(a) Inligting moes noodwendigerwys ingesamel word om die vyande en gewaande vyande van die Staat te ontwrig en ten einde die Veiligheidspolisie in staat te stel om voorkomend op te tree.

50. **OORGRENS OPERASIES**

(a) Die politieke oogemerk wat bereik wou word was onder meer die ANC te diskrediteer by hulle gashere en om dit inderdaad verder baie moeilik te maak vir die ANC om hulle operasies teen die apartheidsregering van stapel te stuur vanuit die aangrensende buurstate.

51. **ONDERVRAGINGS**

(a) Die doel van ondervraaging was tweeledig gewees, naamlik -

( i) INTIMIDASIE;

(a) Wanneer aktiviste en vryheidsvegters ondervra is, is hulle ge-intimideer om met

SAHA

hulle optrede te staak en ook om ander aktiviste mee te deel dat hulle met hand en tand beveg en ondervraag sal word. Hulle moes die boodskap verstaan het dat ons ernstig is in ons optrede teen hulle.

(b) Tydens die ondervraging en nadat sekere inligting verkry is, is daar gepoog om aktiviste en terroriste te oortuig om eerder informante vir die Veiligheidspolisie te word. Hierdie aktiviste of terroriste wat "gedraai" het, was die effektiefste middel tot die bekamping van die oogmerke van die bevrydingsbewegings omdat hulle die bewegings weer kon insypel en omdat hulle ooglopend nog vertrouelinge van die aktiviste en sogenaamde terroriste was. Die sogenaamde Askaris was 'n uiters belangrikke skakel in die bekamping en onderdrukking van die politieke aspirasies van die swart bevolking.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) VERKRYGING VAN INLIGTING;

(a) Vir die tipe oorlogvoering van agente, insurgente, teeninsurgente, aktiviste en terroriste was inligting ten opsigte van die bevelskanale, bevelstrukture en intelligensiekanale van uiterste belang.

(b) Sonder die doeltreffende ondervraginstegnieke sou 'n netwerk van inligting nooit op die been gebring kon word nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) Om die totale aanslag die hoof te bied was ondervraging wat doeltreffend was met betrekking tot die verkryging van inligting van uiterste belang.

(d) Inligting is bekom oor potensiële terreurdade, die beplanning daarvan en die uitvoering daarvan suksesvolle teenstrategië en voorkomende maatreëls kon getref word op grond van die inligting wat bekom is deur ondervragings.

(e) Inligting oor aktiviste is verkry deur middel van ondervraging.

(f) ondervragingsmetodes was dikwels 'n middel tot 'n doel gewees en het die Veiligheidsmagte ook van die algemene slagspreuk gebruik gemaak dat die middel die doel geheilig het en was die optrede tydens ondervraging aanvaarbaar in die breë konteks van die oorlogvoering en onkonvensionele oorlogvoering en die sogenaamde totale aanslag wat na bewering teen die land gevoer is.

SAHA ARCHIVE

52. **DIE KONTEKS EN AGTERGROND WAARTEEN DIE GEBEURE PLAASGEVIND HET**

(a) Op daardie tydstip het opstande, oproer, geweld en intimidasie hooggety gevier. Die ANC het gepoog om die land onregeerbaar te maak en dit was dan hulle uitgesproke doel gewees. Hierdie optrede was maar een komponent van die breër strategie om 'n totale politieke opstand in die land te bewerkstellig. Die dade was nodig om die ANC-lede en ondersteuners uit die weg te

ruim gesien in die lig van die noodtoestand en die oorlogstryd en die Veiligheidssituasie wat gedreig het om hand uit te ruk.

(b) Optrede teen aktiviste het, sover my kennis strek, in die meeste gevalle suksesvol afgeloop en weinige aktiviste teen wie opgetree is is ooit weer opgemerk waar hulle deelneem aan verdere optredes.

(c) Die stappe wat geneem is ~~deur~~ teen aktiviste was derhalwe suksesvol in die teenwerking van die intimidasie en die onregeerbaarmaking van die Staat deur die ANC. Die aktiviste wat gedood is in hierdie proses was uit die aard van die saak 'n akfrikmiddel vir potensiële aktiviste.

(d) Die land was op daardie tydstip besig om in anargie te verval en het stakings, verbruikersboikotte, halsnoermoorde, opstande, brandstigting en ander misdrywe oor die lengte en breedte van die land plaasgevind. Al hierdie misdrywe is in die naam van bevrydingsbewegings gepleeg en was gerig teen die Staat en die destabilisering van die Staatsbestel.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

53. **REG IN EIE HANDE GENEEM AS GEVOLG VAN DIE FEIT DAT DIE WETGEWING NIE GENOEGSAME AFSKRIKWAARDE VIR AKTIVISTE GEHAD HET NIE**

(a) Die eliminering van ANC aktiviste en deelgenote was noodsaaklik in die lig van die feit dat die aktiviste wat betrokke was by verkeie ernstige terreurdade onmiddellik uit die samelewing verwyder moes word ten einde die samelewing en gemeenskappe weer te stabiliseer.

(b) Dit was verder nodig om hulle te elimineer ten eide die lewens van onskuldige mense, wit en swart, te beskerm. Dit was onmoontlik om aktiviste op daardie stadium heeltemal te neutraliseer by wyse van veiligheidswetgewing of die normale regstelsel en polisieoptrede.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

54. **OPTREDE**

(a) Gedurende my verbintenis met die Veiligheidsmagte is die Polisie vermoor en vermink op die mees grusamste maniere en onderwerp aan verskeie vorms van intimidasie en isolering. Aan die ander kant het die regering 'n totale strategie beplan wat behels het dat alle

252



politieke, ekonomiese, diplomatieke en militêre meganismes in een geweef sou word en aangewend sou word om die sogenaamde revolusionêre aanslag die hoof te bied. As 'n lid van die Staatsveiligheidsraad is daar van die Sui-Afrikaanse Polisie verwag om 'n groot rol te speel in hierdie totale strategiebeplanning en moes ons die sogenaamde pligte in hierdie klimaat van feitlik anargie uitvoer. Daar is by ons die gedagte ingeprent dat die Suid-Afrikaanse Polisie aangewend moes word om die sogenaamde oorlog teen die Staat die hoof te bied en dat alle pligte dienooreenkomstig uitgevoer moes word.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

55. **DIE OPSPORING VAN WAPENS EN AMMUNISIE**

(a) Wapens en ammunisie wat in besit gevind is van die vryheidsvegters gedurende die periode tussen 1991 en 1993 het hoofsaaklik bestaan uit AK 47 aanvalsgewere, G3 aanvalsgewere, Scorpion masjienpistole, M26 handgranate en Sjienese stokgranate en petrolbomme. A sook M75, F1 en RGD 5 handgranate.

(b) Hierdie wapens en ammunisie bestem was vir die sogenaamde vryheidsvegters is in die land ingesmokkel via die naburige state en is van hierdie wapens in Suid-

253

Afrika ingesmokkel deur dit in voertuie se petroltenks en vals panele te versteek.

(c) Dit het ook tot ons kennis gekom dat van die vryheidsvegters motor voertuie in die RSA gesteel het en dan op die swart mark in Zimbabwe en ander buurlande verkoop het ten einde toe te sien dat die vryheidsstryd so befonds word.

(d) Die Suid-Afrikaanse Polisie en ekself het inligting gehad dat lede van die vryheidsbewegings uitdruklik opdrag gehad het om gewapende rowe te pleeg en motor voertuie te steel te einde fondse te genereer vir die aktiviste en vryheidsvegters. Dit het ook tot my kennis gekom dat dat inderdaad opleiding gegee is in die pleeg van die pleeg van gewapende rowe.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(e) Gedurende 1991 en 1992 het daar heelwat voorvalle van gewapende roof plaasgevind waar die sogenaamde vryheidsvegters finansiële instellings en winkels beroof het en wat klaarblyklik weereens daarop gerig was om die vryheidsvegters se fondse aan te vul.

(f) Die stigting van die sogenaamde "Self Defence Units" of

AANHANGSEL TOT AMNESTIE-AANSOEK DEUR EUGENE ALEXANDER DE KOCK

# A.

## INTERNASIONALE INSIDENTE :

## (OOR GRENS OPERASIES) :

(i) SWAZILAND :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

INSIDENT 1 :

Z NYANDA :

9.a BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

"Task Forces". Dit het ook tot ons kennis gekom dat die sogenaamde "Task Forces" bestaan het en veral bedrywig was in die PWV-Gebied, die Oos-Kaap en die Wes-Kaap. Die lede van hierdie eehede is dikwels betrap dat hulle betrokke was in die pleeg van kriminele dade en het hulle veral die kriminele dade gaan pleeg in gebiede anders dan die gebiede waar hulle as sogenaamde "Protection Unites" ge-opereer het.

(g) Die sogenaamde "Task Force"-lede was na die beste van ons kennis en wete almal militêropgeleide persone.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(h) Die sogenoemde "Task Force"-lede het soos wat gewoonlik met die sogenaamde Vigilante-type aktiewiteite 'n eie waarde en regsstelsel ontwikkel met wat absoluut geen respek vir menslike lewe of eiendom gehad het nie.

"Cyril". Nyanda was 'n geweldige doring in die vlees van die Veiligheidspolisie veral en het hy hulle heelwat hoofbrekens besorg. Mnr Nyanda het na die beste van ons wete en nadat ons inligting bekom het, aanvar dat hy die hoof was van die ANC se oprasies in Natal. Ons opdrag was om hom te elimineer en is ons spesifiek opgedra om niemand lewendig terug te bring nie.

Ek wens verder daarop te wys dat ek op hierdie stadium vir 'n kort rukkie verbonde was aan C1. Ek het gou agter gekom dat feitlik die hele Polisiemag altyd met die C1 (Vlakplaas) geskakel het indien hulle sekere operasies wou uitgevoer hê. Ek heg hierby aan 'n Afskrif van 'n verslag van die voormalige Kommissaris van Polisie, Generaal Johan Coetzee, ten opsigte van die redes waarom Vlakplaas tot stand gebring is en waarvoor Vlakplaas in wese gebruik is. Ek voer egter met respek aan dat hierdie slegs 'n halwe waarheid was. Vlakplaas het 'n tweeledige doel gehad, naamlik :

a. Die rehabilitasie van sogenaamde Askaris ;

b. 'n Geheime agenda wat daarop neergekom het dat Vlakplaas opgetree het as 'n neuraliserings groep in die Suid Afrikaanse Polisie. Die persone wat op Vlakplaas gestasioneer was is dan jius in die C1 eenheid opgeneem as gevolg van sekere kundigheid en operasionele ervaaring en vermoeë om te beplan en strategiese te dink en op te tree.

***** ONS MOET NET WAT BETREF HIERDIE VERSLAG VAN JOHAN**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SAMESWERING, MOORD, SAAKBESKADIGING, BEGUNSTIGING, REGSVERYDELING, OORTREDING IN GEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE

ALLE ANDER MINDERE MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE.

(ii) DATUM :

NOVEMBER 1983

(iii) PLEK :

MBABANE - SWAZILAND

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Gedurende die eerste jaar wat ek by C1 aangekom het op Vlakplaas was ek betrokke in 'n operasie wat plaasgevind het in Swaziland. Die operasie waarna ek verwys was waar 'n man met die naam van Zwilibanzi Nyanda gedood is. Hy was die Hoof van die ANC se militêre vleuel in Swaziland en 'n baie sterk en kragdadige leier en werker gewees.

Saam met Mnr Nyanda was daar ook 'n ander persoon met die naam van Lawrence en ek dink sy MK naam was "Veer"(of ook bekend as

**COETZEE VERDER UITBREI.**

Mnr Nyanda waarna verwys word was die voormalige broer van Generaal Nyanda wat nou verbonde is aan die Suid Afrikaanse Nasionale Weermag.

Daar is toe deur die Veiligheidsmagte 'n optrede in Swaziland beplan en het die optrede geskied onder die Bevel van Kolonel Jack Cronje. Ek het geen twyfel gehad nie dat die Hoofkantoor van die S A Polisie inderdaad ook hierdie optrede goedgekeur het en is die Ster vir Verdienste, dit word genoem die S O E, wat gewoonlik slegs aan Generaals uitgereik word, na die afloop van die operasie aan ons oorhandig. Ek heg hierby aan 'n afskrif van hierdie Ster van Verdienste gemerk aanhangsel "B".

Hierdie operasie is in hoof deur Luitenant Kolonel Cronje beplan, maar ons almal het insette gelewer.

Ek kan byvoorbeeld onthou dat Luitenant Kolonel Cronje hulle van M26 handgranate wou gebruik maak om by die huis se venster in te gooi - maar het ek aanbeveel dat ons liewer van skok-granate gebruik moes maak aangesien die huis van 'n tydelike konstruksie was en sou die M26 handgranate te veel skrapnel veroorsaak en sou dit ook dan 'n gevaar inhou vir ons.

Ons het dan ook van sogenaamde "stilgemaakte" HMK's gebruik gemaak - hierdie wapens is met knaldempers toegerus. Ons het ook twee pachets by ons gehad wat in wese maar 'n opgegradeerde weergawe van die Sterling Merk 2 is, wat weer op sy beurt op die Sten gemoduleer was. Ons het ook een Scorpion saam met ons geneem wat ook toegerus was met 'n knaldemper.

Met ons optrede was daar ongeveer 5 of 6 mense binne die huis gewees. Ek kan my ook herinner dat daar 2 AK7 gewere saamgeneem is vir ingeval ons groter weerstand uit die huis sou ondervind as wat ons verwag het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Tydens die aanval het ek my teiken onmiddellik geslaan, met ander woorde die venster van die huis wat aan my toegeken was, het ek gebreek en sou ek die handgranaat ingegooi het en dan begin skiet - ek het reeds die handgranaat se pen getrek gehad toe ek by my venster kom en sien dat die ander persone nog in hulle voertuig sit - ek slaan toe maar die venster met my geweer se loop uit en het toe die handgranaat ingegooi.

Ek kon hoor hoe die persoon van die bed af rol en op daardie stadium het ek bemerk hoe Kolonel Cronje en ene van Zweel gesukkel het om by die agterdeur in te kom. Die probleem met die agterdeur was dat die deur gesluit was met kruisslotte. Ek het toe my pos by die

gebreekte venster verlaat om vir Luitenant Kolonel Cronje behulpsaam te wees. nadat ek my pos verlaat het , het Lawrence by die gebreekte venster ontsnap. Ek het toe gehelp om die deur af te skop en in die proses het ek my toon gebreek. Nadat die deur oopgebreek is het ons in die huis ingestorm en almal geskiet wat ons in die hande kon kry. Ek persoonlik het egter niemand in die huis geskiet nie. Die skietwerk is reeds deur Kolonel Cronje hulle gedoen aangesien hulle eerste die huis ingestorm het. Ek het egter bloed gesien wat geloop het van die een slaapkamer na die toilet toe. Die deur was gesluit gewees en ek het toe nog vir die ander lede gesê dat hier 'n persoon aan die binnekant is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het toe 'n persoon by die deur van die toilet gelaat en ek het uitgegaan om 'n skokgranaat deur die toilet venster te gooi. Terwyl ek besig was om die granaat uit my mondering uit te haal, het 'n man deur die toilet venster gebars. Ek weet nie presies hoe om dit te beskryf nie, maar het hierdie persoon omtrent letterlik met die raam van die venster deur die gebou gebars en het ek toe van die kant af op hom begin skiet - die persoon het toe op die grond geval, weer opgestaan en hy het omtrent so 5 of 6 meter in die paadjie afgehardloop terwyl ek nog op hom bly skiet het. Hy het toe daarna geval en het dit geblyk dat die Zwilebanzi Nyanda was wat ek doodgeskiet het. Nadat Mnr Nyanda geval het en hy vermoedelik reeds dood was het een van die ander lede tweekeer in die kop

geskiet. In die harwar wat ontstaan het, het 'n man met die naam van Chris Rorich vir een van die Askari's , Jeff Bosigo, deur die voet geskiet. Chris Rorich het gedink dat Bosigo een van die mense is wat weggehardloop het. In die operasie is daar ook beslag gelê op heelwat dokumentasie alhoewel ek nie geweet het wat die spesifieke aard van hierdie spesifieke dokumentasie was nie. Die dokumentasie was oorgelaat aan die leiere van hierdie operasie, naamlik Luitenant Kolonel Cronje.

Bosigo is toe deur die lede agter gelaat en het ek teruggehardloop nadat hulle onttrek het, en het ek hom gaan help. Met die Harms-Kommissie het dit geblyk dat Nofomela ondermeer na hierdie operasie verwys het en ook melding gemaak het van die feit dat Bosigo gewond is. By een van die samesprelinge wat ons gehad het met die oog op die voorbereiding vir die Harms-Kommissie, het Generaal Krappies Engelbrecht toegegee dat hy van mening is dat ons moet reël vir die amputering van Mnr Bosigo se voet ten einde te kon bewys dat Mnr Nofomela nie die waarheid praat nie. Daar is egter nie gehoor gegee aan die suggestie van Generaal Krappies Engelbercht nie.

Na die plaasvind van hierdie operasie het ons wel terugvoering gegee, maar is die terugvoering gedoen deur Luitenant Kolonel Cronje.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Soos voormeld het ons dan in hierdie geval 'n S O E Toekenning ontvang vir die operasie. Die feit dat ons die toekenning ontvang het is ook in die magsordes vir Offisiere gepubliseer en was die rede vir die toekenning ondermeer dat ons onder groot gevaar in landsbelang opgetree het en dat die aard en besonderhede van die operasie nie bekend gemaak kan word nie, aangesien dit nie in landsbelang sou wees nie.

* Persone wat betrokke was by hierdie operasie was :

Luitenant Kolonel Jack Cronje

Ekself

Adjudant Offisier van Dyk

Adjudant Offisier Pienaar

Adjudant Offisier van Zweel

Sersant Rorich

Konstalbel Albert Nofomela

Konstabel Geof Bosigo

Kolonel Chris Deetlefs

Daar is ene MacFadden van die ANC ook gedood in hierdie voorval.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Z NYANDA EN ENE MCFADDEN IS GEDOOD

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

MNR KEITH McFADDEN, ZWELIBANZI NYANDA

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR ZWELIBANZI NYANDA WAS DIE BROER VAN DIE HUIDIGE GENERAAL NYANDA WAT VERBONDE IS AAN DIE S A NASIONALE WEERMAG.

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

GEEN

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF**

**MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

DIE HOOFKWARTIER VAN DIE SUID AFRIKAANSE VEILIGHEIDS POLISIE. DIE OPERASIE GEDIEN ONDER DIE BEVEL VAN KOLONEL JACK CRONJE

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING):

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING):

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 2 :**

**ONTVOERING VAN GLORY SEDIBE ( M K SEPTEMBER) UIT SWAZILAND :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE:

ONTVOERING, AANRANDING, SAMESWERING, SAAKVERYDELING,
OORTREDINGS IN GEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE
ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE
ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

1986

(iii) PLEK :

SWAZILAND EN PIET RETIEF IN DIE OOS TRANSVAAL

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

'n Kort rukkie na die Nyanda voorval waarna ek hierbo verwys het, is ene Glory Sedibe gearresteer deur die Swazi Polisie aangesien hulle bevind het dat hy in besit was van wapens en is hy in 'n Polisiestasie

aangehou, 'n entjie van Manzini af. Ekself is nie goed bekend met Swaziland nie, en is ek nie seker presies in watter gebied dit was nie.

Daar is toe op hoë vlak besluit dat Sedibe ontvoer sou word. Ek bevestig dat ek ingesit het op 'n voorligtingsessie wat gelei is deur Brigadier Willem Schoon en Luitenant Kolonel Chris Deetlefs. As my herrinering korrek is, was Adjudant Offisier Freek Pienaar en Paul van Dyk ook teenwoordig. Ons is toe ingelig dat Sedibe die hoof van Militêre Intelligensie van die ANC in Swaziland was. Ek is toe ook verwittig dat daar met die Swazi Polisie geskakel is en gereël is dat die Polisiestasie nie behoorlik opgepas sou word nie en dat die persone wat wel as wagte sou dien nie gewapen sou wees nie. Ek is nie seker wie die reëlings getref het nie, maar aanvaar dat daar op baie hoë vlak deur die Suid Afrikaanse Polisie met die Swazi Polisie geskakel sou word. Ek verstaan dat daar met die Swazi Polisie geskakel is en gereël is dat die Polisiestasie nie behoorlik opgepas sou wees nie en dat die persone wat wel as wagte sou dien , nie gewapen sou wees nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die veronderstelling was dat ons (C1) bloot by die Polisiestasie sou kon inloop, die Polisiestasie oorneem en dan vir Glory Sedibe uithaal en met hom terugbeweeg oor die grens.

Die bedoeling was dat ons vir Sedibe bloot sou ontset en dat hy nie

doodgemaak sou word nie. Die rede was eenvoudig dat Sedibe klaarblyklik oor te veel inligting beskik het wat van groot waarde sou wees vir die Suid Afrikaanse Polisie op 'n later stadium.

Ons is dan ook by die Oshoekgrenspos in Swaziland in en kan ek my nie herinner of Brigadier Willem Schoon ook teenwoordig was nie, maar weet ek dat Kolonel Visser, die Hoof van die Oos Transvaal Veiligheid, wel vir ons gewag het by die Nerston-grenspos toe ons uitgekom het met Sedibe.

Toe ons by die Polisiestasie in Swaziland aankom, het ons gevind dat die Polisiestasie gesluit was, maar dat daar egter 'n venster op 'n skrefie oop was en het ons daarin geslaag om in te kom en is ons toe gekonfronteer deur 'n lid van die Swazi Polisie met 'n G3 vol outomatiese geweer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ons het net 'n pistool gehad met 'n knaldemper, maar het ons daarin geslaag om hom te oortuig om sy geweer neer te sit. Hy was 'n baie jong lid van die mag gewees en was ek baie angstig aangesien hy enige oomblik kon besluit om op ons te skiet.

Ons het egter daarin geslaag om vir Sedibe te onset en het ons toe oor die grens terug gevlug en hom oorhandig aan die Veiligheidstak van Piet Retief en meer spesifiek aan Kolonel Visser. Ek bevestig dat

die persoon se van Sedibe was. Die persone wat saam met my op hierdie operasie was, was Paul van Dyk, Joe Koole, Freek Pienaar en Chris Deetlefs, ene Nngadi en Nofomela. Dit kan wees dat daar nog persone op hierdie operasie saam gegaan het maar ek kan nie nou hulle name onthou nie.

Sedibe het later op Vlakplaas gewerk en is later oor na die Direktoraat Koverte Insameling, 'n deel van Militêre Intelligensie. Sedibe het inderdaad wel heelwat inligting aan die Veiligheidspolisie verskaf.

Gedurende die inbraak het ek my vasgeloop in 'n gewapende jong Swazi polisieman wat gewapen was met 'n G3 automatiese geweer wat hy op my gerig het, ek het toe ook my pistool op hom gerig en ek het daarin geslaag om hom te oortuig om sy wapen op die grond neer te sit. Ek het die wapen daarna teruggebring na Suid Afrika, maar ek kan nie onthou van die G3 wapen geword het nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

My herinnering is dat ekself die telefoondrade in die Polisiestasie, waarna ek hierbo verwys het, geknip het ten einde te verhoed dat daar alarm gemaak word deur enige van die Swaziland se magte.

Sedibe is daarna na Piet retief geneem en is hy vir 'n geruime tyd aangehou in terms van die bepalings van Artikel 29 van die Wet op binnelandse veiligheid. Gedurende sy aanhouding is September

klaarblyklik deur Adjudant Offisier Freek Pienaar gewerf om vir die Suid Afrikaanse Polisie te werk en het ek ook nadat ek meegedeel is dat hy bereid was om vir die Suid Akrikaanse Polisie te werk, gereël dat sy vrou en kind vanaf Mosambiek na Suid Afrika gebring word.

Ek het dan ook persoonlik toegesien dat September se vrou en kind 'n alternatiewe identiteit bekom het en het ook toegesien dat September aangestel is as 'n lid van die Suid Afrikaanse Polisie. Ek het op 'n later stadium eers uitgevind dat September die swaer was van die huidige Minister van Verdediging, Mnr Joe Modise. Hy het egter hoegenaamd geen inligting oor Mnr Modise of sy vrou aan my verskaf nie. Sedibe het dan ook later op Vlakplaas gewerk en is later oor na die Direktoraat Koverte Insameling, deel van Militêre Intelligensie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek bevestig dat Sidebe 'n groot en 'n swaar man was en dat hy daarin geslaag het om homslef te bevry toe ons nog oppad was na die motor, na die ontsetting uit die polisiestasie. Ind ie daaropvolgende geveg is hy beseer en het hy diep skrapmerke oor sy neus opgedoen. Dit het ongeveer 4 mense geneem om hom onder bedwang te kry.

Nadat ons daarin geslaag het om hom binne in die voertuig te kry het daar weereens 'n geveg uitgebreek en is dit moontlik dat Sidebe in hierdie geveg verdere beserings kon opgedoen het. Daar was egter

hoegenaamd geen uiterlike beserings nie. Hy is egter nooit binne Swaziland of buite Swaziland verder aangerand, sover my kennis strek nie.

Ons het van meet af aan besef dat hierdie persoon te waardevol sou wees vir die Veiligheidspolisie en wou ons hom graag so ver as moontlik in die toekoms gebruik.

Ek wens terloops net daarop te wys dat ek verwittig is dat daar wel reëlings getref is met die Kommissaris van Polisie vir Sidebe se ontsetting, maar het ons by ons aankoms by die Polisiestasie waar ons September moes ontset, gevind dat die Polisiestasie gesluit was en was ons gedwing om in die Polisiestasie in te breek.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

September is na sy ontsetting en ontvoering na Piet Retief geneem en is hy vir 'n geruime tyd aangehou in terme van die bepalings van Artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid. Gedurende sy aanhouding is September klaarblyklik deur Adjudant Offisier Freek Pienaar gewerf om vir sie Suid Afrikaanse Polisie te werk en het ek dan ook nadat ek meegedeel is dat hy bereid was om vir die Suid Afrikaanse Polisie te werk, gereël dat sy vrou en kind vanaf Mosambiek na Suid Afrika gebring word.

Ek het ook persoonlik toegesien dat September se vrou en kind

alternatiewe identiteit bekom en het ek ook toegesien dat September aangestel is as 'n lid van die Suid Afrikaanse Polisie. Ek het eers op 'n later stadium uitgevind dat September die swaer was van die huidige Minister van Verdediging, Mnr Joe Modise. Hy het egter sover my kennis strek geen inligting oor Mnr Modise verskaf nie.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

SNYWOND AAN NEUS EN KNEUSINGS

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DIE SLAGOFFERS :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

GLORY SEDIBE( M K SEPTEMBER)

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

SEDIBE WAS DIE SWAER VAN DIE HUIDIGE MINISTER VAN VERDEDIGING, MNR JOE MODISE.

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DIE HOOFKWARTIER VAN DIE SUID AFRIKAANSE VEILIGHEIDS POLISIE TE PRETORIA, ASOOK KOLONEL VISSER, DIE VOORMALIGE HOOF VAN DIE S A POLISIE en BRIGADIER WILLEM SCHOON

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

INSIDENT 3 :

PANSU - GENERAAL COETZEE - GELUKWENSING :

9.a BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING, MOORD, SAAKBESKADIGING, REGSVERYDELING,
OORTREDINGS INGEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE
ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE
ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

MEI 1986

(iii) PLEK :

SWAZILAND , MBABANE

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ek wens verder daarop te wys dat ek by 'n geleentheid saam met ene Timol Coetzee en 'n Kaptein Anton Pretorius betrokke was in 'n operasie te Swaziland. Ek bevestig dat Kolonel Tiekie de jager ook betrokke was.

Timol Coetzee en Anton Pretorius het volgens hulle daarin geslaag om 'n sel van die ANC in Swaziland te infiltreer. Hulle het my dan verder meegedeel dat hulle bron die inligting oor die sel van die ANC in Swaziland aan hulle verskaf het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die aanvalskomponent was lede van Vlakplaas gewees.

Hierdie sel was gemoeid gewees met die vervoer van wapens van Mosambiek na Swaziland en die verspreiding daarvan in die Republiek.

Die spesifieke "ANC terroris", met die MK naam van Pantsu was hier die teiken. Ek het kennis gedra dat hierdie ANC lid en sy medewerkers opleiding gegee het in Swaziland in 'n huis naby Mbabane, en het ons daarna in Swaziland inbeweeg om 'n aanval op hulle te loods.

Die aanvalskomponent was lede van Vlakplaas gewees en onder andere het dit bestaan uit Kolonel Tiekie de Jager, Kaptein Timol Coetzee, Kaptein Anton Pretorius. My herinnering is dat Majoor Chris Deetlefs teenwoordig was en kon daar ook een of twee ander lede van Piet Retief se Veiligheidstak gewees het, van wie ek nou nie die name kan onthou nie. Ek bevestig weereens dat Vlakplaas deur ander afdelings van die Suid Afrikaanse Polisie betrek is om hierdie operasies mee te maak en hoofsakklik te beplan en uit te voer. Daar was op hierdie stadium hoegenaamd geen twyfel by die oor grote meerderheid van die lede van die Veiligheidspolisie nie dat Vlakplaas beskou is as die sogenaamde slaanarm (operasionele arm) van die Suid Afrikaanse Polisie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Ons is opdrag gegee om hierdie operasie uit te voer en het die opdrag gekom vanaf Brigadier Schoon en Kolonel Visser. Die opdrag was ondermeer dat ons alle dokumentasie waarop ons beslag kon lê moes saambring. Ons is dan opdrag gegee om almal in die huis uit te wis en dat ons genoodsaak was om dit te doen ten einde te verhoed dat die bron wat die inligting verskaf het, later geidentifiseer sou word. Beide Brigadier Schoon en Kolonel Visser het ons ingewag by Oshoek, naby die Klub fasiliteite.

In die aanval wat ons geloods het, is daar 3 mense dood. Pansu is deur my en Anton Pretorius geskiet. Ek het gebruik gemaak van 'n

sogenaamde "stilgemaakte-geweer" en ek was die eerste persoon wat
EK HET OOK VIR MORRIS geskiet met die
geskiet het. Twee mans en 'n vrou. Ons het ook in die huis beslag
oopbreek van die deur
gelê op 'n groot hoeveelheid opleidingsmateriaal, handboeke oor die maak van bomme, die stel van bomme, ideologiese materiaal en was daar ook 2 of 3 SZ6 ladings (dit is 6kg militêre Russiese demolisie ladings). Ek herinner my dat daar ook 2 SZ3 demolisie ladings was, asook twee of drie kleefmyne (SPN kleefmyne). Ons het al hierdie toerusting saam met ons uitgebring en is die aand weer oor die grens, alhoewel die grenspos gesluit was. Ons het bloot op 'n ander plek oor die grenspos beweeg.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek bevestig weereens dat Brigadier Schoon en Kolonel Visser vir ons ingewag het en dat daar ook lede was van die Oos Transvaalse Veiligheidstak asook van die Soweto Veiligheidstak. Ons het nog daardie selfde nag teruggery na Pretoria toe en ons het vroeg oggend ongeveer 5h30 aangekom by Generaal John Coetzee se huis in Brooklyn. Generaal Coetzee was op daardie stadium die Kommissaris van Polisie.

By ons aankoms by Generaal Coetzee se huis het al die offisiere uitgeklim en na sy huis toe gegaan en is daar aan hom gerapporteer wat gebeur het. Generaal Coetzee het met almal handgeskud. My herinnering is dat hy nog in 'n kamerjapon geklee was en toe hy by my kom het hy nog te kenne gegee dat hy nie weet of hy aan my

hande moet vat nie, want dit is te vol bloed.

Daar is behoorlik aan Generaal Coetzee verslag gedoen, en is daar onder andere ook aan hom te kenne gegee dat die mense doogeskiet is, by hierdie verslaggewingsinsident was Brigadier Schoon en Kolonel Visser, Kolonel Deetlefs en Kolonel de Jager almal teenwoordig. Kolonel Visser en Kolonel de Jager het die woord gevoer en dit was baie duidelik dat Generaal Coetzee hoogs ingenome was met die afloop van die operasie. Ons het onder andere aan hom te kenne gegee dat die mense doodgeskiet is. Daar is ook melding gemaak van die materiaal wat afgeneem en teruggebring is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek wens net daarop te wys dat ek hoegenaamd geen toekenning en/of aanprysings medaljes vir hierdie operasie ontvang het nie.

9.b BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :

DRIE MENSE IS GEDOOD IN DIE AANVAL

9.c

(i) NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :

PANSU SMITH ; SIPHO DLAMINI ;

BUSI MAJOLA

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

IN OPDRAG VAN DIE VEILIGHEIDS-POLISIE SE HOOFKWARTIER

IN PRETORIA SOWEL AS BRIGADIER SCHOON EN KOLONEL VISSER EN GENERAAL JOHAN COETZEE

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**INSIDENT 4 :**

**SODWANA MISSIELBAAN :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

REGSVERYDELING, BEGUNSTIGING, ONTVOERING, SAMESWERING, MOORD, SAAKBESKADIGING, OORTREDINGS INGEVOLGE DIE WET

OP WAPENS EN AMMUNISIE

ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE,

ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE.

(ii) DATUM :

1986/87

(iii) PLEK :

SWAZILAND

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Gedurende 1986 of 1987 is ek deur Luitenant Gert Schoon van die Veiligheidstak te Josini geskakel en versoek om behulpsaam te wees met die ontvoering van 'n Swazi burger uit Swaziland, wie hulle graag wou ondervra. Ek het dit eers met Brigadier Schoon bespreek en kan ek net daarop wys dat Luitenant Gert Schoon die broer is van Brigadier Willem Schoon. Brigadier Schoon het sy toestemming verleen en het ons weereens 'n situasie gehad waar Vlakplaas deur ander komponente van die Veiligheidspolisie gebruik is om hulle "vuilwerk" te doen.

Operasioneel ob

Ek bevestig dat ek meegedeel is deur die Veiligheidstak te Josini dat hierdie ANC lid 'n baie sterk ANC ondersteuner was en dat hy in die plattelandse gedeeltes gebly het in die omgewing van die berge, wat die grens gevorm het tussen Noord Natal en Swaziland. Die persoon het klaarblyklik die gebied baie goed geken en het hy lede van die ANC wat daar verby gegaan het gehelp met die verskaffing van inligting en die aanwys van paaie.

Luitenant Gert Schoon wou gehad het dat hierdie man vanuit Swaziland ontvoer moes word sodat hulle hom kon ondervra. Hulle het veral belang gestel om te verneem in welke mate infiltrasies plaasgevind het in die plattelandse gebiede in Noord Natal en dan natuurlik ook oor wapen-stapelpunte aan die Swazi sowel as die Suid Afrikaanse kant van die grens.

Ek het daarna een van my blanke lede en nog drie swart lede opdrag gegee om die persoon te gaan ontvoer.

Die lede wat hier betrokke was was Paul van Dyk en drie swart lede, maar kan ek nie nou hulle name onthou nie.

Die lede het toe wel daarin geslaag om die persoon te ontvoer en is hy oorhandig aan die Veiligheidstak te Josini. Ek dra nie kennis van presies waar hy ondervra is nie, maar ek verstaan dat hy ondermeer

ondervra is by Black Rock of Island Rock - dit is twee vakansie plekke wat die S A Polisie besit aan die Noord Kus van Natal. My inligting is dat hierdie plek so ongeveer 30km noord-oos van Sodwana Baai is.

Ek is verder meegedeel dat die ANC lid baie intensief ondervra is en dat hy tydens die ondervraging ernstige beserings opgedoen het.

Ek is verder meegedeel deur Paul van Dyk dat die lid toe gedood is en dat hy toe opgeblaas is op die missielbaan wat ook aangrensend aan die see is.

Die opblaas het plaasgevind deur middel van die detonering van springstof wat om die lyk geplaas is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Luitenant Paul van Dyk het aan my meegedeel dat Luitenant Gert Schoon hierdie ANC lid op 'n missielbaan in die Sodwana omgewing met springstof opgeblaas het.

Persone wat teenwoordig was :

VAN DYK
KOOLE (vermoedelik)
KONSTABEL MBELO (vermoedelik)
KONSTABEL PIET MOGAI (hy was beslis teenwoordig aangesien hy

die ondervraging gedoen het)

Ek het besef dat dar 'n plig op my berus het om hierdie insident bekend te maak en toe te sien dat die persone vervolg word. Ek was egter deel van die sisteem wat die sogenaamde vyand beveg het en het besef dat die vyand nie op die konvensionele manier beveg kon word nie en het ek bygevolg my stilswyende goedkeuring aan hierdie optrede verleen.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ONTVOERING EN DAARNA OM DIE LEWE GEBRING

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?

JA

11.b INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

IN OPDRAG VAN DIE VEILIGHEIDS-POLISIE SE HOOFKWARTIER IN PRETORIA SOWEL AS LUITENANT GERT SCHOON EN BRIGADIER WILLEM SCHOON

12. INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :